Met verwysing na aanhangsel “Mohokare farmtax scenario”

MPRA - Municipal Property Rates Act

MFMA - Municipal Finance Management Act

Hierdie aanhangsel is ’n illustrasie van wat met ’n munisipale begroting gebeur sou die koers nie korrek aangepas word na ’n nuwe wardasierol proses gevolg is. Verduidelik volg

1. Wanneer nuwe waardasierolle opgestel word en die eiendom se waarde styg byvoorbeeld met 50% moet die koers afwaarts deur die munisipaliteit aangepas word. Verwys na artikel 3(b)(iv) en Artikel 16(1) van die MPRA en Sirkulêr no 07 gepubliseer op 7 Desember 2014. Verwys vêrder na hoofstuk 4 van die MFMA.
2. Hoofstuk 4 van die MFMA maak spesifieke melding dat redelike aanpassings en inlyn met inflasie toegepas moet word.
3. Baie munisipaliteite verwys slegs na die MPRA en nie na beide die die MFMA en MPRA nie. Hierdie 2 stukke wetgewing tesame met die Municipal Systems Act moet saam gelees word.
4. **Tegnies gesproke sou dit die eenvoudigste vir ’n munisipaliteit wees om te kyk na wat daar in ’n spesifieke finansiële jaar begroot is vir ’n spesifieke sektor (ons geval landbou) en daardie bedrag met VPI aan te pas. Hierna kan die koers bepaal word deur eenvoudig die aangepaste inkomste van die sektor te deel met die aangepaste totale waardasie van die sektor se eiendomme. Die antwoord sal die koers wees.**